
*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (23/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 25 Junie 2021*

***"The Chinese use two brush strokes to write the word 'crisis'. One brush stroke stands for danger; the other for opportunity. In a crisis, be aware of the danger – but recognise the opportunity" John F Kennedy***

## CHINA SUURLEMOENE

Dit gebeur nie gereeld dat ek 'n pak aantrek om 'n virtuele vergadering by te woon nie, maar verlede Vrydag was dit een van daardie dae. Die 18de Junie 2021 sal vir altyd 'n belangrike dag vir suurlemoen-produsente in Suid-Afrika wees - want die oggend het Minister Didiza die hersiene sitrusprotokol onderteken. Die bedryf het die eer gehad om die virtuele ondertekening by te woon – deur Dr Mono Mashaba (Fruit SA) en myself. Die "Peoples Republic of China" is deur Sy Eksellensie, Ambassadeur Chen verteenwoordig. Ambassadeur Chen het oor die belangrike handelsbande tussen die twee lande gepraat, en veral die belang van sitrushandel. Minister Didiza het bygevoeg dat daar baie ander belangrike bande tussen die twee lande bestaan. Die protokol sal nou deur die Minister in China onderteken word voordat dit in werking tree. Die hersiene sitrusprotokol het belangrike veranderings ten opsigte van die koue-behandeling van suurlemoene wat die weg vir suurlemoene tot die Chinese mark sal bied. Die vorige protokolle se koue-behandeling het in wese die uitvoer van suurlemoene na China uitgesluit, aangesien die risiko van koueskade vir suurlemoene te groot was.

China het 'n belangrike invoerder van Suid-Afrikaanse sitrus geword - in 2020 is meer as 130 000 ton sitrus na China uitgevoer (6% van die totale uitvoer). Suurlemoene sal nou die sitrusmandjie volmaak wat aan Chinese verbruikers gebied kan word.




## GEPAK EN VERSKEEP

Die Pomelo Fokusgroep het hul voorspelling aangepas - terug na die oorspronklike skatting. Let daarop dat die pomelo-syfers in die tabel 15 kg-ekwivalente is (pomelo's se populêre karton is die 17 kg-ekwivalent).

| Einde van Week 24 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | **2019** | **2020** | **2021** | **2020** | **2021** | **2021** | **2021** | **2020** |
| Pomelo's | 12 m | 11.3 m | 13 m | 8.7 m | 10.9 m | 18 m | 17.5 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 7.6 m | 10.2 m | 15.6 m | 7.3 m | 8.9 m | 30.5 m | 29.2 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 11.5 m | 18.1 m | 17.4 m | 15.4 m | 15.2 m | 30.2 m | 29.2 m | 29.6 m |
| Nawels | 9.9 m | 11.5 m | 12.3 m | 7 m | 7.9 m | 26.3 m | 26.1 m | 26.2 m |
| Valencias | 1.4 m | 2.5 m | 3.1 m | 0.7m | 1.4 m | 58 m | 57.6 m | 55.1 m |
| **Totaal** | **42.4 m** | **53.6 m** | **61.4 m** | **39.1m** | **44.3 m** | **163 m** | **159.6 m** | **150 m** |